## 'n Weg om meer te word soos Jesus

## Deel 2: Leer om God te gee wat hy die meeste van ons verlang

Ware Christenskap begin deur 'n akkurate siening van God. Dit is gebou op die beginsel van verhouding. God is jou vader, en wil in verhouding met jou staan. Rom 12 gee dan ook vir ons die riglyne hiervoor.

Abraham se lewe gee vir ons 'n baie goeie beskouing van dit wat God van ons verlang.

Abram se toetse

a. Gen 12: Toets 1 - God roep Abram - Sal jy my vertrou om jou te beskerm?

In hoofstuk 12 van Genesis sien ons hoe Abram deur God geroep word. Gen 12:1 "En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. Gen 12:2 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. Gen 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. "

Hierdie is seker is van die grootste beloftes in die Bybel. Abram is 75 jaar oud. Op bevel van die Woord van God het Abram onmiddelik getrek.

"Gen 12:4 Toe het Abram weggetrek soos die HERE hom gesê het, en Lot het saam met hom getrek. En Abram was vyf en sewentig jaar oud by sy vertrek uit Haran."

God wil Abram toets. Abram faal sy eerste toets deur voor te gee dat sy vrou sy sister is. Ten spyte hiervan beskerm God Abram

b. Gen 13: Toets 2 – Sal jy my vertrou om in jou behoeftes te voorsien?

Abram en Lot is so ryk dat daar nie genoeg weiveld vir hul diere is. Hul kan nie meer saam bly nie, daar in nie genoeg ruimte vir albei gesinne nie. Nou begin Abram God te vertou. Lot neem jy maar vir jou wat jy nodig het. Lot neem die beste. Abram begin God te vertrou, daarom gee God hom die beste. God gee vir baie beter as wat Lot gekry


PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

het. Die oomblik wat Abram die behoefte van ander bo sy eie geplaas het, volkome op God vertrou het, het God hom nog meer gegee. Beter as Lot se deel.

c. Gen 14: Toets 3: Sal jy my met jou besittings vertrou?

Abram gee 'n tiende van al sy opbringste weg en besef dat sy afhanklikheid van God is. Voordat die wet ingestel was, leer Abram dat sy bron is God.

"Mal 3:10 Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie.

d. Gen 15: Toets 4: Sal jy my met jou beloftes vertrou?

Elke keer wat Abram die toets slaag praat God met hom en gee aan hom die volgende openbaring. Gen 15:5 Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. Gen 15:6 En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.

e. Gen 16: Toets 5: Sal jy God se tydbereken vertrou?

Abraham faal hierdie toets. Hy wag nie vir die Here, maar wil God aanhelp en Ismael word gebore. Die geboorte van Ismael bring vir Abraham baie hartseer en pyn.

f. Gen 17: Toets 6: Sal jy my vertrou al maak dit nie sin nie?

Die vraag is sal jy God vertrou maak dit nie sin nie? Dit is ware afhanklikheid om God te vertrou ten spyte van omstandighede. Sarai is onvrugbaar, menslik onmoontlik om 'n kind te baar. Ten spyte daarvan het God juis besluit om Sarai te gebruik om sy plan te volbring.


PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

g. Gen 18: Toets 7: Sal jy my toelaat in jou huishouding?

Gen 18:4 Laat hulle tog 'n bietjie water bring, en was u voete, en lê en rus onder die boom. Gen 18:5 En laat ek 'n stukkie brood gaan haal, en versterk u hart—daarna kan u verder gaan—want daarom het u by u kneg aangekom. En hulle antwoord: Doen soos u gesê het.

Heb 13:1 Die broederliefde moet bly. Heb 13:2 Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.

h. Gen 19: Toets 8: Sal jy met vertrou met jou toekoms?

Gen 19:17 En toe hulle hulle na buite uitgelei het, sê Hy: Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie, en moenie êrens in die Jordaanstreek bly staan nie. Vlug na die gebergte, dat jy nie omkom nie!

Mat_24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.

i. Gen 22: Die finale toets: Sal jy my met jou alles vertrou?

Gen 22:1 Ná hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek! Gen 22:2 Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys.

DIE GROOT VRAAG? WAT VERLANG GOD DIE MEESTE VAN MY?

Wat die Here die meeste van ons verlang is 'n totale oorgawe aan hom. Oorgawe beteken alles of niks.

Rom 12:1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens.


PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com

"Surrender is the channel through which God's biggest and best blessings flow." He wants us; all of us. - He wants our heart. - He wants to have the same place in our hearts, lives, relationships, priorities, finances, dreams and work that He has in the universe . . . Lord, Master, CEO.

Mat 19:29 En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe.

Joh 12:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug. Joh 12:25 Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe. Joh 12:26 As iemand My dien, laat hom My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees; en as iemand My dien, sal die Vader hom eer.


PDF Creator - PDF4Free v2.0 http://www.pdf4free.com